HOE GAAN DIT IN DIE HEMEL WEES?

Die wonderlike ding van die hemel is dat daar absoluut geen SONDE of PYN gaan wees nie – die hemel word regeer deur 'n rein, heilige, perfekte en liefdevolle God! 'n Baie belangrike Persoon in die hemel is die Here Jesus Christus, die Koning van konings en die enigste Here. Hy sal regverdig, in liefde en met geregtigheid heers oor almal wie se sonde skoongewas is deur Sy bloed wat Hy aan die kruis vir hulle uitgestort het. Hulle sal vir ewig juig oor Sy geskenk van die ewige lewe! HET JY AL NAGEDINK OOR WAT MET JOU GAAN GEBEUR WANNEER JY STERF EN WAARHEEN JY SAL GAAN? *Hebreërs 12:14 – sonder 'n heilige lewe sal niemand die Here sien nie. Johannes 3:16 - God het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.* Dink asb. hieroor na en besluit – VANDAG – terwyl jy nog tyd het – om Jesus die Redder en Here van jou lewe te maak. Bid deur die Bybelverse op die agterkant van hierdie kaartjie en gee jou lewe vandag oor aan die Here Jesus. Vra Hom om jou met Sy Heilige Gees te vul sodat jy 'n lewe van oorwinning kan leef, die Bybel kan verstaan en geestelik kan groei.

www.jwipn.com

GEBED OM JOU LEWE AAN JESUS CHRISTUS TE GEE

Here, ek **ERKEN** dat ek U nodig het	Romeine 3:10 – Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie. Romeine 3:23 – Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie.
Ek **GLO** dat Jesus die Here is	Johannes 14:6 - Jesus het gesê, "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie." Romeine 10:9-10 – As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.
Ek **BELY** al my sondes	1 Johannes 1:9 – As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.
VUL my met U Heilige Gees	Handelinge 2:38 – Toe antwoord Petrus hulle: “Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang."
Help my om ander te **VERTEL** van U liefde	Handelinge 6:7 – Die woord van God het verder versprei, en die getal gelowiges het geweldig toegeneem...
Help my om die Bybel te **LEES**	Maak tyd om die Bybel te lees sodat jy geestelik kan groei en antwoorde vir die vrae in jou hart kan vind. Soek ook ander Christene saam met wie jy kan bid.